**Kraggakamma Huisgeloof**
**vir kleingroepe, families en stiltetyd**
**19-25 April 2026**

**Tema: My Klein Kollig vir die Koning**

**Fokus Teks:** Johannes 8:12-20

Alternatiewe Teks: Matteus 5:14-16

## Afskop vrae:

Watter herinneringe het jy daaraan om in die donker te wees? Watter gevoelens assosieer jy met donkerte? Wat is dit omtrent donkerte wat mense bang maak? Is jy bang vir die donker? Wat is jou grootste vrees?

## Gespreksvrae:

Ek is die lig vir die wêreld. Hierdie stelling is deel van Jesus se 7 Ek is uitsprake wat ons in die Johannes evangelie lees!

- Waar in die Bybel lees ons nog van lig wat 'n sentrale rol speel?
- Gesels oor die volgende gedagte. Wat dink julle beteken dit: *"We can easily forgive a child who is afraid of the dark: the real tragedy of life is when men are afraid of the light."*
- Jesus het verklaar dat Hy die lig van die wêreld is tydens die Joodse fees van die hutte. Op hierdie fees, op die aand van die eerste dag, het die verligting van die tempel plaasgevind in die hof van die vrouens. Dan is daar vier kandelare aan die brand gesteek wat die tempel helder verlig het – dit het ook by die dak van die tempel uit geskyn en van oral in Jerusalem sou mense die lig kon sien. Waarom het Jesus hierdie oomblik gekies om hierdie stelling te maak, en hoe versterk die agtergrond wat Jesus oor Homself sê?
- Waarna nooi vers 15 vir my en jou uit? Hoe kan ons mekaar help om so te leef?
- Hoe sal julle Jesus se uitspraak oor sy Vader in vers 19 verduidelik?

## Afsluiting:

Laat iemand hierdie gebed van Dietrich Bonhoeffer voorlees:

In my is daar donkerte; by U is daar lig. Ek is eensaam; U verlaat my nie.

Ek voel nietig en bang; U laat my nie alleen nie. Ek is rusteloos; by U is daar vrede.

Ek vind bitterheid in my hart; U leer my geduld. U weë is vir my onbegryplik; U ken die pad waarop ek gaan.